Liewe vriende en familie!

Die laaste termyn van die jaar het aangebreek en dit is ‘n warboel van bedrywighede om al die kinders terug te kry in die skole.

Projekte

Die vakansieprojek was baie besig met 25 kinders op die werf. Dit het rondhol gekos om almal besig te hou – gelukkig het ons 2 stelle tweerigting radios persent gekry, wat sake soveel vergemaklik het! Mike, die voorskoolse onderwyser, het die kinders asook die rekenaarklasse hanteer.

Op die laaste dag van die vakansie, is die kinders aangesê om ‘n skoon stel klere saam te bring. Terwyl hulle vuil klere in ons klein wasmasjientjie gegooi is, het elkeen ‘n kans gekry om deur ‘n warm stort te spring. Vir die meeste was dit ‘n heel eerste in hulle lewens en watse ondervinding was dit nie! Ons het ook vir hulle lekkerruikgoed en deodorant gegee om aan te spuit en ook om ‘n naelknipper te gebruik (wat hulle nog nooit voorheen gesien het nie!). Oooo! Was dit nou ‘n lekkerte! Hier regs bo is almal, nadat hulle skoon gewas en gepoleer is.

Op dieselfde trant het ek besluit om die Woensdag tydens die babadag, al die babas te bad en ook skoon kleertjies en nuwe doeke aan te trek. Die skooldogters het gehelp en dit was pandemonium! Op ‘n stadium het al 25 kleintjies gelyk geskree! Ag moeder, maar dis darem lekker om ‘n skoon, vars baba met lekkerruik-poeier te wees! Tot die ou kleinste babatjie, drie weke oud, was skoon en wit aangetrek! (Die ma is by geboorte oorlede aan VIGS.)

Tydens die laaste week, het ek vir die meisies naaldwerkklasse aangebied. Op die foto op die volgende bladsy is Ellen en Nicole met die skouersakke wat hulle self gemaak het.

Kanjanji Children’s Village
His heart, His hands, His little children

No. 34 – 18 September 2009

Children: Showered and cleaned

We are having a party to say goodbye

Dear friends and family,

The last term of the school year has arrived and what an effort it was to get everyone ready and back to school!

Projects

The holiday project with 25 children around, was very hectic and it took a great deal of energy to keep everyone occupied. Fortunately, we had two sets of two-way radio’s (donated by friends) on site to help ease the communication and organisation. Mike, the preschool teacher, was mainly in charge of organising all the children and he even had time in-between to teach computer skills to those who were interested.

On the last day of the holiday, we asked the children to bring along a clean set of clothes. While their dirty clothes were being washed in our little washing machine, each of the children got a chance to take a warm shower. This was a first for most of them and what an experience! We also supplied them with deodorants and perfume as well as the use of some nail clippers, which they had never seen before. Oh, how they enjoyed all of this – wish you could see it!

We did the same on the Wednesday for the babies on the baby feeding programme. With the help of the older girls we bathed all the babies in small tubs with warm water, dusted them with baby powder and dressed them with clean clothes and nappies. What chaos that created! At one stage, all 25 of them where crying at the same time. They smelled so nice afterwards! Even the smallest one, three weeks old, was spotless in her new change of clothes. (Her mom died of AIDS just after her birth.)

During the last week of the school holidays I taught some of the girls some basic needlework. On the photo on the next page, Ellen and Nicole are very proud showing off of the sling bags they have made.

Wat die bouprojekte aanbetref, is ons besig om die pastoor se kombuisie en kamer te voltooi asook sy stortkamer. Die fondasies vir die nuwe eet-/rekenaar-/ Sondagskoolkamer is gelê en so ook die fondasies vir die doopbad. Ons sal 'n doopseremonie rëel vir vroeg Oktober, sodat al die nuwe bekeerlinge gedoop kan word. Mike begin Sondag met Bybellesse vir die groter kinders en jong volwassenes, waar ons ook videos van preke sal vertoon.

Gebedsversoeke

- Bid saam vir die 72 nuwe bekeerlinge – sê saam dankie vir soveel siele!
- Bid ook asseblief vir al die weeskinders op die program en ook dié wat ons nog moet bereik.
- Ons bid vir Cephas, 'n vriend wat stoksielalleen in Chad (Noordelike Afrika) sendingwerk doen, waar sy lewe deurlopend bedreig word.
- Dra asseblief vir Mike (voorskoolse onderwyser) op in gebed – hy het 'n reuse taak wat op sy skouers rus.
- Sê saam dankie vir al die ondersteuning wat ons kry – ons weet dit kom SLEGS van GOD!

Kyk gerus op ons webwerf vir die nuutste foto's en inligting.

Beste wense,

Lourie & Gisela Ferreira

www.kanjanji.com /
childrensvillage@kanjanji.com

✉ Posbus 630677, Choma, Zambië

Mary is washing a baby on baby day

Ellen and Nicole with the sling bags they have made

The building projects are progressing well in the mean time. At this stage we are adding a little kitchen, a room and a washroom to the pastor's house. The foundations for the new communal dining room have been laid. This room will also be used for computer and Sunday school classes. The foundations for a baptismal bath have been laid and the new converts to Christ will be baptised early in October.

Prayer requests

- Join us in prayer for 72 new converts to Christ.
- Please pray for all the orphans as well as the ones that we still have to reach.
- Pray for Cephas, a missionary and friend in Chad (Northern Africa), who's life is in constantly danger.
- Mike, the preschool teacher, was sent by God to come and help us with the children. Please pray for the monumental task that rests on his shoulders.
- We also want to thank everyone for their support – we know it is only from GOD!

Visit our web site for the latest pictures and information.

Best regards,

Lourie & Gisela Ferreira

www.kanjanji.com /
childrensvillage@kanjanji.com

✉ PO Box 630677, Choma, Zambia

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children